Afrikaans

# Story Power

## 'n Gids tot leesklubs




GIDS 2




# Welkom!

Oral oor Suid-Afrika begin mense leesklubs om jong mense aan die lees te kry! Sommige van hierdie leesklubs is al 'n paar jaar aan die gang, terwyl anders pas begin het – maar wat almal gemeen het, is dat die storiegogga hulle gebyt het, en nie wil laat los nie!

Dink jy daaraan om 'n leesklub te begin? Of het jy reeds een, maar jy is op soek na wenke en idees? Dan is hierdie Story Power-gids vir jou! Hierin kan jy uitvind wat 'n leesklub is, hoe om een te begin en hoe om dit aan die gang te hou sodat kinders keer op keer wil terugkom na jou klub.

Het jy geweet dat jou klub deel kan wees van die Nal'ibali-netwerk van leesklubs? Registreer jou klub by **www.nalibali.org** of **www.nalibali.mobi**.

Ons is bly dat jy by ons aangesluit het om gereeld vir kinders te lees!

*Die Nal'ibali-span*

**NS:** Hierdie gids is in elf Suid-Afrikaanse tale beskikbaar. Kyk uit vir ander gidse in die Story Power-reeks! Gaan na **www.nalibali.org** om hulle te vind.

## Wat's binne


Wat is 'n leesklub? .................................... 3

Begin 'n leesklub ........................................ 4

Wat om by 'n leesklub te doen ................ 5

Vind leeshulpbronne ................................. 6

Skep 'n omgewing vol gedrukte woorde ... 7



Vir meer inligting oor die hergebruik en/of verspreiding van hierdie materiaal, kontak Nal'ibali:

The Nal'ibali Trust

Suite 17–201, Gebou 17

Waverley-besigheidspark, Wyecroft-weg

Mowbray, 7700

Tel: (021) 448 6000

E-pos: info@nalibali.org



Konseptualisering en projekbestuur: Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA)

Vertaling: Anita van Zyl

Redigering en proeflees: Ilse von Zeuner

Nal'ibali-karakterillustrasies: Rico

Ontwerp: Magenta Media

Geset deur: Baseline Publishing Services

# Wat is 'n leesklub?

Mense begin leesklubs omdat hulle weet hoe belangrik die vertel van stories, lees en skryf in ons lewens is. Hulle wil gereelde geleenthede vir kinders skep om dit te geniet om stories te lees, te skryf en daarna te luister. Hulle weet dat wanneer kinders die vreugde van stories en boeke gereeld ervaar, hulle sal leer om van lees te hou en ook beter sal lees. Wat is 'n leesklub dus?

### Leesklubs in 'n neutedop

- 'n Leesklub is 'n plek waarheen kinders uit eie keuse gaan om boeke en stories te geniet. Niemand word gedwing om te gaan nie – dit is iets wat jy kies om te doen.
- Dit is 'n ontspanne omgewing wat meer soos 'n huis as 'n skool is.
- Dit is 'n plek waar mense wat lief is vir stories en boeke gereeld bymekaar kom om stories te lees en te vertel, en om te praat oor dit wat hulle saam met kinders van alle ouderdomme lees. Soms doen hulle ook ander prettige aktiwiteite wat verband hou met stories en boeke. En daar is dikwels tyd vir klublede om ook te skryf … want lees en skryf gaan hand aan hand.
- Al hierdie dinge kan in enige taal plaasvind – trouens, baie klubs vertel en lees stories in twee of meer tale!

### Meer oor leesklubs


- 'n Leesklub kan 'n plek wees waar jy kan leer lees as jy nog nie kan lees nie, of waar jy kan leer om beter te lees as jy nog nie baie goed lees nie.
- Enigiemand kan betrokke raak: kleuters, kinders, tieners, ma's, pa's, grootouers, vrywilligers en ander versorgers.
- Sommige klubs is groot, met tot 50 kinders en vyf of ses volwasse vrywilligers. Hulle kom op groot plekke bymekaar, soos dié wat jy by skole, biblioteke en ander gemeenskapsentrums sal vind. Ander klubs is kleiner, soos dié waar grootmense klein leesklubs by hul huis aanbied vir vyf of ses kinders wat saam met hulle of naby hulle woon.
- Die meeste klubs word deur volwassenes bestuur, maar daar is klubs wat deur kinders en tieners in hul huise, of tydens pouse of na skool begin en bestuur word.
- Alle klubs kom gereeld bymekaar – minstens een keer per week. Sommige klubs ontmoet as deel van die gereelde programme wat by die kerk, tempel of moskee vir kinders aangebied word, of as deel van die skool se nasorgprogram. Daar is selfs klubs by biblioteke wat spesiaal vir babas en kleuters is!

Vind meer inligting oor leesklubs in die spesiale "Reading clubs"-afdeling op ons webwerf en selfoonwerf – **www.nalibali.org** en **www.nalibali.mobi**.



# Begin ʼn leesklub

Is jy geïnspireer om ʼn leesklub te begin? Daar is nie een, enkele korrekte manier om dit te doen nie. Jy moet doen wat vir jou die maklikste is, want sodoende sal jy waarskynlik die klub aan die gang en aan die groei kan hou! Hier is ʼn paar idees om jou te help.



- **Wie?** Leesklubs word die beste bestuur deur mense wat lief is vir stories en boeke en wat by kinders ʼn liefde vir stories en lees wil kweek. Jy hoef self nie baie van stories te weet nie – jy sal van die wonderlike wêreld van kinderstories leer deur betrokke te raak by ʼn klub. Die meeste leesklubs word deur vrywilligers bestuur, en dus sal jy nie geld verdien nie. Die vergoeding is die pret wat jy het en die bevrediging wat jy ervaar omdat jy ʼn verskil maak!
- **Hoeveel?** Besluit hoeveel vrywilligers jy kan vind om jou te help om aktiwiteite by jou leesklub te organiseer. Gebruik dit om jou te help besluit hoeveel kinders jy kan akkommodeer: vyf kinders per volwassene werk gewoonlik goed. Hoe minder kinders jy het, hoe meer aandag kan jy aan elkeen van hulle gee. Dit is ʼn goeie idee om klein te begin – selfs vyf kinders en ʼn volwassene kan ʼn leesklub wees. Dan kan jy die klub mettertyd groter maak indien jy wil.
- **Waar?** ʼn Leesklub kan op enige plek wat stil en veilig is vergader – by die skool, nasorg, ʼn biblioteek, ʼn gemeenskapsaal of kliniek. Begin een in iemand se huis of garage, by die Sondagskool of jou moskee of tempel – waar dit ook al vir jou die maklikste is!

Om jou leesklub by die Nalʼibali-netwerk te registreer, gaan na **www.nalibali.org** of **www.nalibali.mobi**.


- **Wanneer?** ʼn Leesklub kan bymekaar kom wanneer dit ook al gerieflik is. Dit kan ʼn halfuur duur, of twee uur. Dis jou keuse! Die meeste leesklubs kom een keer per week bymekaar. Julle kan meer kere bymekaar kom, maar nie minder nie!
- **Wat?** Leesklubs moet in ʼn oop ruimte bymekaar kom. Iets om te eet en te drink is altyd goed, indien moontlik. En kussings en matte is gemakliker as tafels en stoele. Maar ʼn mens kan ook onder ʼn boom lees, op die gras lê, of enige ander plek wat reg voel. Die belangrikste is om goeie leesmateriaal te hê wat almal se aandag hou – prenteboeke, romans, feiteboeke, poësie, rympies en liedjies, koerante en tydskrifte.



# Wat om by ’n leesklub te doen

Het jy hulp nodig met aktiwiteite vir jou leesklub? Hier volg ’n paar voorstelle. Sekere aktiwiteite kan julle elke keer wat julle bymekaar kom, doen. Kies van die ander aktiwiteite op grond van hoe hulle aansluit by die boeke en stories wat julle deel en hoeveel tyd julle het. Verander sommige aktiwiteite elke week om te help om jou leesklubsessies vars en interessant te hou en om die kinders aan te moedig om gereeld te kom!

- **Speletjies en liedjies:** Dit is altyd ’n prettige manier om ’n sessie mee te begin. Leer vir die kinders speletjies en liedjies wat jy as kind gespeel en gesing het, en speel speletjies en sing liedjies wat hulle ook ken. Sing liedjies in die huistale van al die kinders en ook in ander tale.
- **Hardop lees en die vertel van stories:** Lees hardop en vertel ’n storie tydens elke sessie om avonture en ervarings te deel wat die regte lewe nie bied nie. Kinders sal opgewonde en nuuskierig raak oor nuwe onderwerpe, en sal gretig wees om te leer … en hulle woordeskat sal ook uitbrei!
- **Lees saam en alleen:** Laat kinders wat reeds kan lees in klein groepe of pare boeke deel. Hulle kan ook vir ander kinders in die klub, wat nog nie kan lees nie, voorlees. Neem deel deur ’n kind vir jou te laat lees of vir ’n klein groepie kinders te lees. Laat ouer kinders ook soms tyd op hul eie met ’n boek deurbring, en sag lees of na die prente kyk en hulle eie storie vertel. Om op hierdie manier tyd met boeke deur te bring, moedig kinders aan om boeke waarin hulle belangstel te kies en te deel.
- **Praat oor boeke:** Stel nuwe boeke bekend deur dit vir die kinders te wys en hulle ’n bietjie van elke boek te vertel om hulle nuuskierig en lus te maak om te lees.






- **Skryf:** Gee vir kinders verskillende geleenthede om te skryf. Hulle kan hul eie boeke maak om later vir hulself te lees en met ander te deel, of hulle kan boeke skryf oor dit wat hulle reeds gelees het, of hulle kan groetekaartjies vir vriende en familie maak. Bied aan om kinders wat nog nie die selfvertroue het om self te skryf nie te help, deur dit wat hulle vir jou sê, neer te skryf.
- **Kuns, handwerk en drama:** Moedig die kinders aan om prente te teken of te verf, of om handpoppe of ander voorwerpe te maak wat verband hou met die storie wat julle gelees of vertel het. Of maak tyd vir kinders om dit op te voer.

Gaan elke dag na ons Facebook-blad (www.facebook.com/nalibaliSA) vir meer leesklubinspirasie en idees vir aktiwiteite – of deel jou idees met ons!

# Vind leeshulpbronne




Kinders leer lees deur te lees! Sodra die saadjie van lees geplant is, moet jy dit bly vertroetel sodat hulle liefde vir lees sal groei. Dit beteken jy moet altyd seker maak dat jou leesklub baie interessante dinge het wat kinders graag sal wil lees. Hier volg 'n paar idees om jou te help om dit te doen.

1. **Koop boeke**
   Organiseer byeenkomste, soos 'n braai of koekverkoping, om geld in te samel om boeke vir jou klub te koop. Kyk dan uit vir goedkoper boeke by afslagboekwinkels, tweedehandse boekwinkels en by boekverkopings ten bate van liefdadigheid.

2. **Neem boeke uit**
   Jou openbare biblioteek of skoolbiblioteek is 'n wonderlike bron van gratis leesmateriaal. Laat al die lede van jou leesklub en vrywilligers by die biblioteek aansluit sodat julle baie verskillende boeke kan uitneem.

3. **Kry boeke as geskenke**
   Vra almal wat jy ken om op hul verjaardag 'n boek aan jou leesklub te skenk.

4. **Samel boeke in**
   Vra al die skole of kerke in jou area om boeke vir jou klub in te samel. Onthou om seker te maak dat alle boeke wat geskenk word, geskik is vir die kinders by jou klub!


5. **Kry die Nal'ibali-koerantbylae**
   Maak jou eie tweetalige boeke deur die knip-uit-en-bêreboekies in die Nal'ibali-koerantbylaes te gebruik. Knip die langer stories in die "Storiehoekie"-afdeling uit. Plak dit op 'n groot vel karton. Trek dit met plastiek of kleefplastiek oor om dit te beskerm.

6. **Vind gratis stories**
   Gaan na webwerwe waar jy stories vir kinders en tieners kan aflaai. Nal'ibali (**www.nalibali.org**, **www.nalibali.mobi**), Bookdash (**www.bookdash.org**) en African Storybook (**www.africanstorybook.org**) het 'n groot verskeidenheid boeke en stories vir kinders in verskillende tale wat jy gratis kan aflaai en uitdruk (of aanlyn kan lees). Fundza (**www.fundza.co.za**, **www.live.fundza.mobi**) stel opwindende gratis stories vir tieners op hul selfone beskikbaar.


7. **Word storieskrywers**
   Skryf jou eie stories vir en saam met kinders. Kinders is 'n pratende, lewende hulpbron, met hulle eie ryk stories wat net wag om vertel, neergeskryf en gelees te word.

8. **Wees storie-ontdekkers**
   Kyk uit vir stories in koerante en tydskrifte waarin jy dink lede van jou leesklub belang sal stel. Knip dit uit en gebruik dit om storiekaarte te maak.

> Kinders wat van lees hou, is gemotiveer om te lees, en lees beter en met meer vertroue as kinders wat nie van lees hou nie.
>
> *Progress in International Reading Literacy Study (PIRLS), 2011*



# Skep 'n omgewing vol gedrukte woorde



Hoeveel gedrukte woorde is daar in jou kinders se omgewing? Sien hulle tekens, kennisgewings, advertensies, tydskrifte, plakkate, boeke, briewe, e-posboodskappe en koerante in hulle daaglikse lewens? En in hoeveel tale is hierdie dinge geskryf?




Kinders leer makliker lees wanneer hulle omring word deur gedrukte woorde, want omgewings wat vol gedrukte woorde is, wys vir hulle waarvoor lees en skryf gebruik kan word. Hier volg ses idees om jou te help om jou leesklub 'n omgewing te maak wat ryk is aan gedrukte woorde.

1. **Maak plakkate**
   Dink oor die dinge waarin die kinders wat na jou leesklub toe kom, belangstel, en maak jou eie plakkate oor hierdie onderwerpe. Teken jou eie prente of gebruik prente uit koerante en tydskrifte. Skryf dan inligting, slagspreuke of boodskappe in een of meer tale om die plakkate te voltooi. Stal die plakkate uit waar die kinders dit maklik sal kan lees en vervang die plakkate gereeld om die kinders se belangstelling te behou!

2. **Maak plakkate met rympies, liedjies en raaisels**
   Skryf rympies, liedjies en raaisels in verskillende tale op groot velle papier neer. Vra die kinders en hulle familielede vir voorstelle en gebruik dié wat jy ook ken.

   Spandeer tyd deur die rympies of raaisels op te sê en die liedjies saam met die kinders te sing – onthou om na die woorde te wys terwyl jy lees of sing. Moedig die kinders aan om die plakkate op hul eie of saam met maats te lees en weer te lees. As hulle wil, kan jy hulle toelaat om die plakkate af te teken en hulle eie klein weergawes te maak wat hulle kan huis toe vat en met hul families kan deel.

3. **Maak 'n alfabet-wasgoedlyn**
   Skryf saam met die kinders die letters van die alfabet op afsonderlike velle papier en teken 'n prent vir elke letter. (Kinders hou daarvan om 'n prent van hulself te teken wat by die eerste letter van hul naam pas!) Span 'n stukkie tou oor die vertrek en gebruik wasgoedpennetjies om die letters in alfabetiese volgorde op te hang.

4. **Verskaf 'n oorvloed gedrukte woorde**
   Maak verskillende soorte skryfwerk bymekaar waarin jy dink jou kinders sal belangstel. Probeer spyskaarte vir wegneemetes, ou groetekaartjies, trein- of busroosters, inligtingspamflette, advertensies, koerante en tydskrifte vind. Die kinders sal dit dalk geniet om van dit te lees, maar hulle kan dit ook as rekwisiete gebruik wanneer hulle stories opvoer, of dit opknip wanneer hulle hul eie kaartjies, plakkate, prente of boeke maak.

5. **Gebruik die biblioteek**
   Neem boeke by jou biblioteek uit – dit is 'n oneindige voorraad gratis leesmateriaal! Herinner die kinders om die boeke op te pas sodat dit ook deur baie ander kinders geniet kan word!

6. **Wees 'n rolmodel**
   Lees vir en saam met kinders. Praat oor jou eie leesgewoontes – wat jy lees, waar jy graag lees, wie jou gunstelingskrywers is, en waarom. Jy kan ook vir en saam met die kinders skryf.

> Wanneer lees vir kinders lekker is, word hulle lesers. Ons doen altyd dinge wat vir ons lekker is, weer en weer.
>
> *John Monfredo*


# Maak kontak met Nal'ibali

**Word deel van die Nal'ibali-netwerk en gebruik die krag van stories om kinders te inspireer om te wil lees en skryf.**

Besoek ons verskillende platforms vir lees-vir-genot-hulpbronne en -wenke, en stories vir kinders in 11 tale.

## Nal'ibali-bylaes

Kry jou tweetalige lees-vir-genot-koerantbylae in die *Sowetan, Sunday Times Express*, die *Daily Dispatch* en *The Herald*. Vir meer inligting, gaan na www.nalibali.org.



## Nal'ibali op die radio

Skakel in op Nal'ibali se radioprogramme op die SABC se openbare radiostasies en geniet kinderstories in al 11 amptelike tale. Gaan na www.nalibali.org vir die Nal'ibali-radioskedule.

## www.nalibali.org

Gaan na die Nal'ibali-webwerf vir gratis wenkblaaie, blogs oor geletterdheid, leeswenke en kinderstories.





## www.nalibali.mobi

Kry storievertel- en leeswenke, leesklubsteun en stories in 11 Suid-Afrikaanse tale – op jou selfoon!



## Sosiale media

Gesels saam op Facebook en volg ons op Twitter en Instagram vir inspirerende lees-vir-genotwenke en bygewerkte inligting. Besoek ook ons YouTube-kanaal, www.youtube.com/user/TheNalibaliChannel vir nuttige leesklubwenke.

Ed 2.Mar2019.Afr

**Skakel ons** inbelsentrum by **02 11 80 40 80**, of kontak ons op een van die volgende maniere: www.nalibali.org www.nalibali.mobi nalibaliSA @nalibaliSA @nalibaliSA info@nalibali.org